# Veranderinge aan aftreespaargeld

Rowan Burger, Liberty Beleggingstrategie

As deel van die voortgesette hervormings in die aftreemark, het die regering in vanjaar se begroting beduidende veranderinge aan aftreebefondsing ingestel.

## Veranderinge in hoe jy bydra

Vanaf Maart 2012 sal alle werknemers toegelaat word om tot 22.5% van hul totale belasbare inkomste, tot ‘n maksimum van R200 000, af te trek vir ‘n bydrae tot ‘n aftreefonds. Dit is deel van ‘n voortgesette inisiatief om voorsieningsfondse in lyn te bring met pensioenfondse en aftree-annuïteite. Werkgewers se bydraes sal nie meer belastingvry wees nie en sal as ‘n byvoordeel behandel word in die werknemer se hande , wat die oorskakeling na werknemerbydraes sal aanmoedig. Dit sal die struktuur van salarispakkette aansienlik vereenvoudig.

Dit stel werknemers wat bydra tot ‘n pensioenfonds en aftree-annuïteite effektief in staat om hul belastingvrye spaargeld beduidend te vermeerder; en werknemers wat tot ‘n voorsieningsfonds bydra, kan nou die belastingvoordeel ontvang eerder as die werkgewer. Hierdie verskuiwing sal mense wat besef hulle het nie voldoende voorsiening gemaak vir aftrede nie, in staat stel om hul aftreespaargeld in ‘n belastingvriendelike omgewing te vermeerder, terwyl diegene wat beter daaraan toe is, deur die plafon beperk sal word. Dit beteken ook dat mense mooi moet dink oor hoe hulle hierdie bydrae-begroting moet verdeel tussen aftreespaargeld en goedgekeurde versekeringspolisse.

Die gebrek aan belasting-aftrekbaarheid in geval van die werkgewer-bydrae lui waarskynlik die doodsklok vir die laaste paar oorblywende gedefinieerde voordeelfondse. Ons glo dit kan ‘n fout wees en Liberty sal probeer om ‘n mate van erkenning te bewerkstellig.

## Verandering van pensioengewende salaris na belasbare inkomste

Dit maak die stelsel veel makliker om te verstaan, aangesien die belasting-aftrekking teen belasbare inkomste gehef sal word, in teenstelling met pensioengewende inkomste, wat die berekening van die belastingvoordeel terselfdertyd sal vereenvoudig. Dit vermeerder ook die deel van jou salaris wat jy vir die berekening van belasting kan gebruik, aangesien dit byvoorbeeld bonusse en motortoelaes sou insluit.

## Vermeerdering in belastingvrye bedrae

Die belastingvrye bedrag op aftrede het van R300 000 tot R315 000 gestyg. Ons het gehoop hierdie bedrag sou jaarliks met salaris-inflasie verander en dat ‘n soortgelyke aanpassing gemaak sou word aan die kontantvrye bedrag by onttrekking.

## Voorsieningfonds dae is getel

Die Nasionale Tesourie het in die begroting duidelik aangedui dat hulle beoog om die reëls van voorsieningsfondse in lyn te bring met die reëls wat op pensioen- en aftree-annuïteitsfondse van toepassing

is. Dit sal onder meer ‘n verandering in huidige wetgewing behels wat voorsieningsfondslede toelaat om met aftrede ‘n volle kontantonttrekking te doen. Voorgestelde veranderinge sal vereis dat lede twee-derdes van hul voorsieningsfonds by aftrede in ‘n annuïteit belê.

Die Departement van Finansies het bevestig dat die regte van bestaande voorsieningsfondslede gehandhaaf sal word en dat huidige lede nie geraak sal word nie. Daar is dus geen rede om nou paniekerig te raak en om te probeer om jou voorsieningsfonds in kontant om te sit nie.

Dit veroorsaak ietwat van ‘n onreëlmatigheid in die sin dat ‘n lid wat net voor aftrede ‘n onttrekking doen, steeds die volle kontantvoordeel kan ontvang, hoewel met minder belastingverligting. In die begroting is egter opgemerk dat verpligte behoud bespreek, en moontlik mettertyd ook geïmplementeer, sal word.

## Kollektiewe Beleggingskemas gaan lewende annuïteite aanbied

Daar is voorstelle dat kollektiewe beleggingskemas kliënte regstreeks van lewende annuïteite behoort te kan voorsien om die mededinging op hierdie gebied ‘n hupstoot te gee. Lewende annuïteite bied nie dieselfde beskerming aan pensioentrekkers as ‘n lewensannuïteit wat deur ‘n lewensmaatskappy aangebied word nie en het derhalwe nie dieselfde kapitale vereistes nodig om lewering aan polishouers te verseker nie.

Dit kan dalk die koste van lewende annuïteite verlaag, hoewel pensioentrekkers raad moet inwin voordat hulle lewende annuïteite kies, omdat hierdie werktuie nie aan hulle beskerming bied teen ‘n langer lewe as waarvoor hul geld voorsiening maak nie.

## Maak ‘n afspraak met jou finansiële adviseur om te verseker dat jy die implikasie van hierdie veranderinge verstaan en om die verbeterde belastingvoordele ten volle te kan benut.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*